**Vak:** Graad 8 Afrikaans: EAT
**Onderwerp:** Afrikaans EAT: Eksamen Kwartaal 2
**Totaal:** 111 Punte

**Naam:**

**Datum:**

**Vraag 1: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Kies die korrekte oortreffende trap van die woord "ryk" .

| | |
|---|---|
| **A** | rykker |
| **B** | ryker |
| **C** | rykkste |
| **D** | die rykste |

**Vraag 2: Voltooi Die Ontbrekende** 6 punte

As daar twee negatiewe woorde in 'n sin is,
staan die (1) negatiewe woord altyd (2) die woord wat ontken word en die ander negatiewe woord aan die (3) van die sin.

Opsies Is: begin | einde | eerste | tweede | voor | na

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |
| **3** | | | |

**Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

(1) hooftelwoorde sê presies hoeveel daar is, bv: een, dertig, ensovoorts,
terwyl (2) hooftelwoorde nie die presiese getal aandui nie. bv: Daar is min kinders.

Opsies Is: Bepaalde | Beperkte | Rangtelwoorde | Onbepaalde

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 4: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Kies die korrekte ontkennende antwoord op die volgende vraag:

Het jy al ooit haar hond gesien?

| | |
|---|---|
| **A** | Nee, jy het nog nooit haar hond gesien nie. |
| **B** | Nee, ek het nie ooit haar hond gesien nie. |
| **C** | Nee, ek het nog nooit haar hond gesien nie. |
| **D** | Nee, jy het nie ooit haar hond gesien nie. |

---

**Vraag 5: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Watter leestekens word gebruik wanneer iemand se woorde in die direkte rede geskryf word?

| | |
|---|---|
| **A** | Hakies en dubbelpunt. |
| **B** | Dubbelpunt en aanhalingstekens. |
| **C** | Komma en dubbelpunt. |
| **D** | Aanhalingstekens en hakies. |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**<u>Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 6</u>**

**Die Laaste Renoster - Jaco Jacobs**

Die laatmiddag ruik
na kettingsaag en kruit
'n Meerkatverspieder
loer versigtig uit sy gat:
Hulle is weg.
Sonbesies hou 'n minuut van stilte
vir die ontwapende kolos.
Stof en sonlig sif stadig
op die nuttelose pantser neer.
Soos Rooikruisvliegtuie sirkel aasvoëls
bo die veldslagtoneel.
En deur die ryp grashalms
Sidder Afrika se moedelose sug.

***<u>Woordelys:</u>***

*kettingsaag - chainsaw*
*kruit - gunpowder*
*Meerkatverspieder - Meerkat spy*
*Sonbesies - cicadas (bugs)*
*ontwapende - unarmed*
*kolos - massive being*
*pantser - armour*
*Rooikruisvliegtuie - Red Cross aeroplanes*
*veldslagtoneel - scene of combat*
*sug - sigh*

**Vraag 6: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Daar word gewoonlik 'n minuut van stilte gehou wanneer ... .

| | |
|---|---|
| **A** | iemand op die telefoon praat |
| **B** | iemand gaan trou |
| **C** | daar eer betoon word aan iemand wat dood is |
| **D** | iemand hartseer is |



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 7: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Skryf die volgende sin oor in die teenwoordige tyd:

Ek het die pen opgetel.

| |
|---|
| |

---

**Vraag 8: Waar/Onwaar** 2 punte

Die “aai" -klank in die woord “braai" is 'n goeie voorbeeld van 'n diftong.

| **WAAR** | **ONWAAR** |
|---|---|

---

**Vraag 9: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd:

Hy skakel die ligte aan.

| |
|---|
| |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**<u>Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 10, 11</u>**

**Pieter in die PlayStation - Louis Fourie**

My beste vriend Pieter
het PlayStation gespeel, heeldag.
Hy het nooit opgehou nie -
tot laaaat in die nag.

Maar een Saterdagoggend,
toe hy nog knoppies druk,
is die liewe, lawwe Pieter
deur die PlayStation ingesluk.

Nou sit hy vas in 'n speletjie
En hier's die nare ding:
as jy die X-knoppie druk,
dan moet Pieter spring.

Nou speel ek ook PlayStation,
Maar net omdat ek moet.
want Pieter het my mooi gevra
dat ek hom elke dag sal groet.

***<u>Woordelys:</u>***

*knoppies - buttons*
*liewe - dear*
*lawwe - silly*

(Gedig uit: *Rymreise,* saamgestel deur A. Vermaak en P. Strauss, Nasou Via Afrika, 2010)

**Vraag 10: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Die skrywer van hierdie gedig is (1) en die gedig bestaan uit (2) strofes.

Opsies Is: Pieter in die PlayStation | drie | vier | Louis Fourie

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 11: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Die herhaling van vokale soos in "gesp**ee**l, h**ee**ldag" word ... genoem.

(Antwoord met een woord.)

---

**<u>Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 12</u>**




**Vraag 12: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Identifiseer 'n **vraagsin** op die voorblad van die tydskrif.

---

**Vraag 13: Waar/Onwaar** 2 punte

Rangtelwoorde dui volgorde of posisie aan.

**WAAR** **ONWAAR**

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 14**



**Vraag 14: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Skryf die volgende sin oor in die **toekomende tyd:**

Die natuur het ons hulp nodig.

---

**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 15**



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*



**Vraag 15: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Skryf die volgende sin oor van **direkte rede** na **indirekte rede:**

Kim vra vir Marie: "Sal jy vir my 'n bad tap?"

Kim vra vir Marie of ... .



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 16: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Beantwoord die volgende vraag in die ontkennende vorm:

Wil pa en ma gaan?

Begin so: Nee, ... .

| |
|---|
| |

**Vraag 17: Waar/Onwaar** 2 punte

Daar word in die onkennende vorm altyd 'n dubbele negatief in Afrikaans gebruik.

| **WAAR** | **ONWAAR** |
|---|---|

**Vraag 18: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Wat word selfstandige naamwoorde wat met emosies te doen het, genoem?

| | |
|---|---|
| **A** | Abstrakte selfstandige naamwoorde |
| **B** | Afgetrokke selfstandige naamwoorde |
| **C** | Afwesige selfstandige naamwoorde |
| **D** | Afgeronde selfstandige naamwoorde |

**Vraag 19: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Skryf die volgende vraag oor in die ontkennende vorm:

Het iemand al van hom gehoor?

Onthou: skryf die VRAAG oor, moenie die vraag beantwoord nie.

| |
|---|
| |



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 20: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Die boom is groot en baie oud.

Kies die korrekte intensiewe vorm van die woord "oud" .

| | |
|---|---|
| **A** | bitteroud |
| **B** | oupaoud |
| **C** | stokoud |
| **D** | doodoud |

---

**Vraag 21: Waar/Onwaar** 2 punte

DIe volgende sin is in die **verlede tyd**:

Die motoris het teen die lamppaal gebots.

| **WAAR** | **ONWAAR** |
|---|---|

---

**Vraag 22: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Die volgende is 'n (1) : Trou met my!

Die volgende is 'n (2) : Ek wens ek was nou op 'n eiland.

Opsies Is: Vraagsin | Bevelsin | Stelsin | Uitroepsin

| **1** | | **2** | |
|---|---|---|---|

---

**<u>Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 23</u>**



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*



**Vraag 23: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Kies die korrekte **voornaamwoorde** om die sin in die **indirekte rede** te voltooi:

Alexander sê: Ek het nie genoeg geld vir my kaartjie nie.

Alexander sê dat ... nie genoeg geld vir ... kaartjie het nie.

| | |
|---|---|
| **A** | sy ; hy |
| **B** | hy ; sy |
| **C** | hy ; haar |
| **D** | sy ; hom |



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 24: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Watter een van die volgende sinne is in die korrekte woordorde?

| | |
|---|---|
| **A** | Die vakansie het ek Kaapstad toe getrek. |
| **B** | Die vakansie ek het Kaapstad toe getrek. |
| **C** | Ek Kaapstad toe het getrek die vakansie. |
| **D** | Die vakansie het ek toe Kaapstad getrek. |

**Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende** 6 punte

'n (1) word gebruik om aan te dui dat klinkers wat (2) mekaar staan en as een (3) uitgespreek kan word, nie noodwendig so uitgespreek moet word nie.

Opsies Is: deelteken | lettergreep | klankgreep | tussen | langs | kommapunt

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1** | | | **2** | |
| **3** | | | | |

**Vraag 26: Voltooi Die Ontbrekende** 8 punte

Rangskik die volgende sin in die korrekte woordorde:

(1) (2) (3) (4).

Opsies Is: eet ek | Saans | my aandete | vroeg

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1** | | | **2** | |
| **3** | | | **4** | |

**Vraag 27: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Wat is die versamelnaam vir 'n klomp visse bymekaar?

| |
|---|
| |



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 28: Waar/Onwaar** 2 punte

Die volgende sin is in die direkte rede:

"Boris, los vir Lucy uit!" beveel Ma.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 29: Waar/Onwaar** 2 punte

Die korrekte vorm van die volgende sin: "Hy eet altyd sy kos", in die ontkennende vorm is:
Hy eet nooit sy kos nie.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**<u>Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 30</u>**

**Eina dit brand!**

Elizabeth Wasserman

1. Hou jy van rissies? Soms laat dit mens voel of iemand jou tong aan die brand gesteek het! Jou oë traan, jou neus loop en jy gryp na die naaste glas water om die brand te blus. Maar is dit die beste raad?

2. Mense kweek al vir meer as 6000 jaar lank ’n verskeidenheid rissies en dit word gebruik in disse soos kerrie en salsa. Ten spyte van die dikwels onaangename brandsmaak van rissies, bly dit ’n gewilde kossoort. Daar word gesê dat rissies endorfiene vrystel - ’n soort hormoon wat ook vrygestel word deur oefening of sjokolade en jou fantasties laat voel.

3. **Hoekom brand rissies jou mond?**
   Rissieplante behoort almal aan die genus capsicum. Hierdie plante kom van Suid-Amerika en is vir die eerste keer deur Columbus en sy manne na Europese lande gebring. Later het wetenskaplikes vasgestel dat daar ’n spesifieke chemikalie in rissies is wat jou mond so laat brand. Dit word kapsaïsien (of rissiestof) genoem.

4. **Hoekom het rissies geleer om te brand?**
   Wetenskaplikes reken dat rissies die vermoë ontwikkel het om die branderige chemikalie te vervaardig om hulself te beskerm teen swamsiektes en ook soogdiere. Wanneer ’n soogdier (soos ’n bok of ’n rot en natuurlik ook ’n mens) ’n rissie eet, word die pitte van die rissie heeltemal vernietig deur maagsure en ander verteringsprosesse. Dit help die rissies niks, want hul sade word dan nie versprei nie. Voëls, aan die ander kant, verteer nie die rissiepitte nie en die plante versprei dus deur onverteerde rissiepitte in voëlmis.

5. Die branderigheid van rissies is spesiaal ontwerp om soogdiere te pla. Voëls kan glad nie die rissie se brand proe nie!

6. **Watter deel van die rissie bevat die brand?**
   Probeer dit self:


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

Sny ’n rissie versigtig deur met ’n skerp mes. Sny nou ’n klein stukkie van die buitenste, vlesige deel af en proe daaraan. Haal nou een van die pitte versigtig uit (jy kan ’n tandestokkie gebruik om dit los te krap) en kou dit fyn. Sny nou ’n deeltjie van die sagte wit “vleis” rondom die pitte uit en proe daaraan. Watter deel brand die meeste?

7. **Oppas!**
Alhoewel rissies net ’n brandgevoel veroorsaak sonder om regtig jou tong te brand, kan dit werklik onaangenaam wees. Vreemd genoeg kan rissies nie jou vel brand nie, maar net jou slymvliese. Jy moet jou hande baie goed was na jy met rissies gewerk het, want as die irriterende rissie-chemikalie in jou oë of in die gevoelige slymvlies van jou neus beland, gaan jy sowaar les opsê!

8. **Hoe gemaak as jy ’n hap rissie inkry wat te erg brand?**
Die kapsaïsien-chemikalie is nie water-oplosbaar nie. Dit help dus niks om ’n glas koue water te drink nie, alhoewel dit sin maak om jou mond dadelik uit te spoel om van oortollige stukkies rissie ontslae te raak. Die branderige chemikalie los wel in vet of olie op. Dus is ’n glas volroommelk, of selfs ’n teelepel olyfolie, die beste raad om van die brand ontslae te raak.

*BRON: Hoezit! Aanlyntydskrif. Maar 2016. http://www.hoezit.co.za/slimkop/*

**Vraag 30: Voltooi Die Ontbrekende** 8 punte

(1) is (2) wat deur sjokolade en (3) vrygestel word en jou (4) laat voel.

Opsies Is: endorfiene | hormone | kliere | oefening | slaap | goed | sleg

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1** | | | **2** | |
| **3** | | | **4** | |

**Totaal:** 111 Punte



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*